

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 19 September 2021

VOTUM:

Toe die Here die lot van Sion verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.

Ons het gelag en gesing.

Onder die nasies het hulle gesê:

“Die Here hét groot dinge aan hierdie mense gedoen.”

³Die Here hét groot dinge aan ons gedoen;
ons was bly.

SEËNGROET:

³Genade en vrede vir julle

van God ons Vader en die Here Jesus Christus,

⁴wat Homself vir ons sondes gegee het

om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en

so die wil van God ons Vader te volbring.

Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: 2 Korintiërs 2:12-17

Tema: In God se triomftog (uit neerlaag tot triomf).



Agtergrond:

Paulus het agtien maande in Korinthe deurgebring en hy het 'n goeie verhouding met die gemeente gehad. (Handelinge 16). Sy verhouding met die gemeente het egter mettertyd so versleg dat hulle niks meer met Paulus te doen wou hê nie, "julle het julle harte vir ons gesluit" (2 Kor. 6:11)

Trane-brief:

Paulus het verskeie briewe geskryf om die probleem te probeer oplos, maar sonder sukses. Titus het elke keer as tussenganger opgetree en het die briewe na die gemeente geneem. Na die samesprekings het hy elke keer aan Paulus veslag gedoen.

Keer terug van Troas na Masedonië:

Nadat Paulus die "Trane-brief" geskryf het, (2 Kor 2:1-4) het hy met Titus afgespreek om hom in Troas te ontmoet. Toe hy in Troas aan kom, was Titus nie daar nie en omdat Paulus geen gemoedsrus kon kry nie, het hy besluit om Troas te verlaat en na Masedonië terug te keer.

Titus met goeie nuus:

Toe hy in Masedonië aankom, kry hy vir Titus daar, met baie goeie nuus. Die omstandighede in die gemeente het dramaties verander. Hulle is baie jammer oor wat gebeur het en hulle het hulle harte vir Paulus oopgesluit. Inteendeel, hulle wil Paulus baie graag weer sien en hulle is selfs nou besig om hom te verdedig. (2 Kor. 7:5-7)

Na die goeie nuus het Paulus besef dat wat eers soos 'n neerlaag gelyk het, deel was van God se triomftog op aarde en dat God Satan en sy planne kragtig vernietig het. (2 Kor. 2:11)



Die gesig van neerlae:

Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorge.

1. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid!

- **Onbetroubaar. (2 Kor. 1:15-22)**

Of word ek deur menslike oorwegings gelei as ek planne maak, sodat ek in een asem “ja” en “nee” sê?

- **Julle het julle harte vir my gesluit. (2 Kor. 6:11,12)**

Ons het openhartig met julle gepraat, Korintiërs. Ons harte is vir julle wyd oop. Ons het nie ons harte vir julle gesluit nie; julle het julle harte vir ons gesluit

- **Papbroek. (2 Kor. 10:1)**

Ek, Paulus, doen 'n persoonlike beroep op julle — ek, wat mos “gedwee” is as ek by julle is, maar “manhaftig” teenoor julle as ek van julle af weg is.

- **Eensydig. (2 Kor. 10:7)**

Julle kyk net na een kant van die saak

- **Beteken nie veel. (2 Kor. 10:10)**

Daar word mos gesê: “Sy briewe is wel ernstig en streng, maar as hy self by ons is, is hy mak en beteken sy woorde niks”.

- **Verdra my maar. (2 Kor. 11:1)**

Nou wil ek hê julle moet 'n bietjie dwaasheid van my kant verdra! Ja, verdra my maar!



2. Van alle kante was daar druk op ons: van binne sorge!

- **Lewensgevaarlike omstandighede**

Ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. Vyf maal het ek van die Jode die gebruikelike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

- **Gevare**

Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers.

- **Swaarkry.**

Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

- **Bekommernisse.**

Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. (2 Kor. 11:21-29)

3. Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus. Aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus.

Na die goeie nuus wat Paulus van Titus ontvang het, besef hy dat gelowiges deel is van die triomftog van God op aarde en dat die Satan en sy planne gefnuik is.



Agtergrond:

Die triomftog deur die strate van Rome was die hoogtepunt van elke seëvierende Romeinse generaal. Hy moes ten minste vyfduisend soldate verslaan het, grondgebied en buit verower het en die vyandelike koning tesame met sy prinse en generaals gevangene geneem het, voordat hy vir 'n triomftog deur die strate van Rome kon kwalifiseer.

- **Senatore:** In hierdie triomftog het die senatore in wit geklee voor gestap.
- **Musikante met trompette:** Daarna het die musikante met hulle trompette gevolg.
- **Oorlogsbuit:** Agter hulle het die waens met die ooglogbuit en vaandels van die verslane weermag gevolg.
- **Gevangenes:** Daarna het die gevangenes, die koning met sy prinse en generaals in kettings gestap. Hulle sou in die arena onthoof word of hulle sou as gladiators teenmekaar of wilde diere veg.
- **Sangers en priesters:** Agter die gevangenes het die sangers met hulle liere, asook die priesters wat wierrook gebrand het en die bul wat in die arena geoffer sou word, gevolg.
- **Generaal en sy gevolg:** Daarna het die seëvierende generaal op sy strydwa getrek deur vier perde en sy gesin gevolg. Heel agter het die weermag gemasjeer terwyl hulle oorlogsliedere gesing het.
- **Maximus colosseum:** So het hierdie optog deur die strate van Rome beweeg en by die Maximus colosseum geëindig, wat sewentig duisend mense kon huisves. Hier het die generaal en sy weermag die hoogste eer ontvang en daarna het die spele en al die ander verrigtinge ten aanskoue van die massas begin.

4. Uit neerlaag tot triomf: Aan God die dank!

Na die goeie nuus wat Titus gebring het, skryf Paulus, "Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur". (2 Kor. 2:14-17)



- 1) **Die oorlog is verby:** Christus het reeds die oorwinning oor die bose op Golgota behaal
- 2) **Bevelvoerder:** Ons is deel van die triomftog van God met Christus as ons generaal.
- 3) **Probleme:** Ons probleme behoort tot die 'spoils of war'. (van alle kante was druk op ons)
- 4) **Oorwinnaarsgrond:** Ons masjeer in die seëvierende weermag van Christus op aarde.
- 5) **Aangename geur:** Ons is die brandende wierook wat 'n aangename geur deur die stad versprei.

Vir Paulus het 'n neerlaag in triomf geëindig. Neerlae is tydelik en slegs 'n klein onderdeel van ons lewens. Ons stap egter permanent in die triomftog van God. Ons loop met ons voete op oorwinnaarsgrond en jou probleme behoort tot die "spoils of war". AMEN!

SEËNBEDE:

Die Here sal julle seën en julle beskerm;
die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;
die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer



NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Vandag se erediens is geborg deur:

Renée Designs
MULTI MEDIA KUNSTENAAR

GRAFIESE ONTWERP
(PERSOONLIK OF KORPORATIEF)

SKILDERKUNS OP AANVRAAG
(SPESIALE OPDRAGTE,
MUURSKILDERYE, PORTRETTE, WILD, ENS)

RENEE@RENEEDESIGNS.CO.ZA • 071 682 1286
WWW.RENEEDESIGNS.CO.ZA

The collage consists of five distinct artworks. From top-left to bottom-right: a detailed black and white drawing of a dog's face with large ears; a soft, painterly portrait of a young boy with a slight smile; a close-up of a zebra's head showing its characteristic black and white stripes; a detailed drawing of two protea flowers with their characteristic pointed petals; and a stylized illustration of a chef in a white uniform and hat, carrying two trays of food.

